GrEAT

vir

Microsoft Word for Windows

Die Groot Elektroniese Afrikaanse Tesourus

Rekenaarweergawe van Southern Boekuitgewers se
Groot Tesourus van Afrikaans



deur L.G. de Stadler

Programhandleiding (verkort)

Werking van GrEAT

Met GrEAT soek u die regte woord of ’n beter woord op, m.a.w. ’n sinoniem of verwante woord.

GrEAT het die volgende knoppies *(buttons)*:

Soek woorde	Soek betekenisgroepe vir die (ingetikte) woord links van die knoppie.
Vervang	Vervang die woord met die beligte woord in die **Woorde-**lyshokkie *(list box)*
Maak skoon	Verwyder alle woorde in die **Geskiedenis**-lyshokkie.



Hoe word GrEAT met WinWord gebruik?

Belig die woord in die *WinWord*-teks. Maak ***GrEAT*** oop en klik dan op die **Soek woorde**-knoppie (*button*). Die beligte woord gaan dan na die tekshokkie links bo.

Indien die woord wat u soek in ***GrEAT*** se woordeskat is, vertoon ***GrEAT*** een of meer betekenisgroepe. U kies die regte betekenisgroep. Al die woorde wat binne die betrokke betekenisgoep voorkom, word dan in die middelste lyshokkie *(list box)* vertoon. U kies die woord en klik op die **Vervang**-*knoppie* (of u dubbelklik op die woord) en die beligte woord in *WinWord* word vervang

Voorbeeld:



In bostaande voorbeeld is die woord **hulpmiddel** in *WinWord* belig en dit verskyn ook in ***GrEAT***. In die **Betekenisgroepe**-lyshokkie word nou aangedui dat die woord in twee betekenisgroepe voorkom, nl. **Gebruik [629] gebruiksartikel [snw]** en **Meedoen (663) hulp [snw]**. U kan nou na al die woorde gaan kyk in elke betekenisgroep en dan kies watter woord u wil gebruik. U kan ook 'n woord kies en daarmee verder soek. U sou byvoorbeeld "bystand" kan kies en daarmee verder soek.

U kan GrEAT ook sonder WinWord gebruik - tik dan self die woord in die boonste linker tekshokkie.

U soektog deur die woorde word "onthou" in die geskiedenis. U kan hiermee ook terugaan na 'n vorige woord.

NB
GrEAT se wyse van opsoek is baie soos van die Engelse Thesaurus in WinWord self (betekenisgroepe = meanings)

Die volgende afkortings word gebruik om die woordsoorte aan te dui:

bnw	byvoeglike naamwoord
bw	bywoord
lw	lidwoord
snw	selfstandige naamwoord
telw	telwoord
tw	tussenwerpsel
uitdr	uitdrukking
voegw	voegwoord
voors	voorsetsel of agtersetsel
wdeel	woorddeel soos ’n voor- of agtervoegsel
ww	werkwoord